



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
28 November 2021

Vanoggend se erediens KERSSANGDIENS



Tema: God skryf 'n storie
Preekteks: Jes 9:1-6

Ons Program

Vandag: Eerste Adventsondag

- ☞ Kerssangdiens om 9:30 olv Elmien Thom, met Paul Loeb (trompet) en Elize (hobo) van Zuilenburg en Matildie Wium (mezzo-sopraan), en voorlesers uit die gemeente.
- ☞ Deuroffer: CLF
- ☞ Verversings: U is welkom om na die erediens verversings te kom geniet buite op die kerkterrein. Baie dankie aan die Vrouebediening-bestuur.

Sondag 5 Desember: Tweede Adventsondag

- ☞ Erediens om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- ☞ Doop: Mariné Terblanche en Daniël Wium
- ☞ Deuroffer: Letsemeng Kinderhuis
- ☞ Verversingsbeurt: Swartkoppies-wyk

Só glo ons - Heidelbergse Kategismus

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.

Ek glo ...

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.
30 Nov Stefan Hugo
2 Des Marie Bezuidenhout
4 Des Pretorius Bezuidenhout



Huweliksherdenking

4 Des Herman & Hannelie Pietersen (39j)

Voorbidding

- ☞ Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ☞ Dr. Hannes Hartman – Kwaadaardige gewas aan sy long.
- ☞ Janine van Jaarsveld – Voortgesette behandeling vir kwaadaardigheid.

Vrouebedieningsake



1. Enkele gróót DANKIES:

1.1 Ons is baie dankbaar dat die bederfpakkies vir Ons Woning in September baie goed ontvang is en baie harte bly gemaak het. Die inperkings wat op daardie stadium bietjie verlig is, het dit vir ons moontlik gemaak om dit self binne te kon gaan aflewer, en elkeen het selfs 'n blommetjie in 'n houer ontvang. Dánkie aan almal wat gehelp het!

1.2 Die afsluitingsfunksie by Karibu was 'n groot sukses. Baie dankie ook aan almal wat daar betrokke was, en aan almal wat dit bygewoon het.

1.3 Ons sê ook baie dankie aan elkeen wat koekies geskenk het vir ons koekieprojek. Die senior lidmate voel baie spesiaal, en dit is vir ons genoeg beloning.

1.4 Baie dankie aan almal wat weer sedert einde September verversings gereël en gegee het vir Sondag ná kerk. Doen asb moeite om 'n paar oomblikke te bly en te gesels onder die bome met mense wat jy nie normaalweg sien nie. Dankie spesiaal aan die bestuur, wat die verversings by die Kerssangdiens vandag behartig.

1.5 Die Dankbaarheidsbussies wat op 7 November ingegee is, het die mooi bedrag van R3500 ingebring. Die bestuur sal 'n besluit neem oor hoe dit aangewend gaan word, en by 'n latere geleentheid verslag doen.

1.6 Báie dankie aan die bestuur onder leiding van mev. Machteld Kotzè, wat die hele Oktober en 'n deel van November absoluut voorgevat het sodat ek vir ds Jaco heelhartig en volledig kon ondersteun tydens en ná sy operasie. Julle is die béste!

2. Die bestuur vir die nuwe jaar word DV in hierdie week gefinaliseer, en dan sal ons ook in die geloof die jaarprogram vir 2022 opstel. Bid asb saam dat daar meer aktiwiteite moontlik sal wees, en dat die koronavirus en die nuwe variant nie weer die grootste deel van die jaar sal kniehalter nie.

Ons grootste en diepste dank aan ons getroue en liefdevolle, almagtige Drie-Enige God, wat ons, selfs (veral!) in hierdie moeilike tye, nóóit in die steek laat nie en elke dag dra.

Elmien Thom

Allerlei

Borge - Kalender 2022

As jy 'n maand van die kerkkalender wil borg, stuur 'n epos na die kerkkantoor en kies die *maand* wat jy wil borg.

Stuur die logo, foto of Skriflesing wat moet vertoon, saam met 'n bewys van betaling (kostas: R140 om 'n maand te borg) teen 30 November. Ons het nog net 5 maande beskikbaar.

Maak gou voor iemand jou voorspring!



Sun	Mon	Tue	Wed	Thu	Fri
3	4	5	6	7	8
10	11	12	13	14	15
17	18	19	20	21	22
24	25	26	27	28	29
31					

Leraar: Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001

PERDEBERG GELOFTEFEES 2021

Perdeberg Boerevereniging Saal 9:00 vm

Die Afrikaner in die jaar 2021

- 7:30 Perde-kommando
 - 9:20 Erediens – ds Fanus Henning
 - 9:50 Spreker – Frans du Toit
 - Boere-oorlog wapen-uitstalling
 - Tyd Kapsule – Groot trek
 - Spring kasteel vir kleuters
 - Verversings
- Ligging:**
- 130 km vanaf BFN rigting KBY, 40 km vanaf KBY rigting BFN
 - Navrae: Marnus Nel 076 128 6998

Padkaart vir die week : 28 November 2021

Skriflesing: Jesaja 9:1-6 & Lukas 2:1-20

Is Kersfees vir jou ook 'n tyd van vreugde? Hoekom (nie)?

Beleef jy die vreugde wat Jesus gebring het, die hele jaar deur? Wat is die dinge wat jou blydskap steel?

Waarom gaan dit in egte Bybelse vreugde?

Wat kan jy doen om die ware Kersvreugde te beleef?

Opdrag vir die week:

Doen hierdie week moeite om jou vreugde met minstens een ander persoon te deel.